# HOOFSTUK 18

# Inwerkingtreding van hierdie Grondwet

### Artikel 130 - Inwerkingtreding van die Grondwet

Hierdie Grondwet, wat deur die Grondwetgewende Vergadering aangeneem is, sal op die datum van Onafhanklikheid in werking tree.

# HOOFSTUK 19

# Wysiging van die Grondwet

### Artikel 131 - Verskansing van Fundamentele Regte en Vryhede

Geen herroeping of wysiging van enige bepaling van Hoofstuk 3, in soverre dit fundamentele regte of vryhede, verminder of daarop inbreuk maak, is toelaatbaar kragtens die Grondwet nie. Sodanige herroeping of wysiging is nie geldig nie en mag geen regskrag of effek hê nie.

### Artikel 132 - Herroeping en Wysiging van die Grondwet

(1) Enige wetsontwerp, wat 'n bepaling van die Grondwet wil herroep of wysig, moet spesifiek verwys na die Artikels wat herroep en/of gewysig moet word en mag geen ander saak insluit nie.

(2) Vir die herroeping en/of wysiging van enige van die bepalinge van die Grondwet, word die volgende meerderhede in die Parlement vereis:

(a) twee-derdes van alle lede van die Nasionale Vergadering; en

(b) twee-derdes van alle lede van die Nasionale Raad.

(3) (a) Indien 'n wetsontwerp wat enige herroeping en/of wysiging van enige bepalinge van die Grondwet voorstel, 'n twee-derde meerderheid van alle lede van die Nasionale Vergadering kry, maar nie van alle lede van die Nasionale Raad nie, kan die President deur Proklamasie, 'n nasionale referendum oor die voorgestelde herroeping of wysiging uitroep .

(b) Die nasionale referendum waarna in Sub-Artikel (a) hierbo verwys word, sal ooreenkomstig die bepalinge vir die hou van referendums, soos deur Parlementêre wetgewing voorgeskryf, plaasvind.